**LBW** Geldbeplanning | PETRI LOURENS



# Benoeming van begunstigdes: Tyd vir hersiening?

**Te midde van groot probleme by meesterskantore om bestorwe boedels af te handel, is dit dalk nou tyd om weer te kyk na die begunstigdes van jou lewenspolisse. Laasgenoemde bied noodsaaklike kontantvloei terwyl die boedel afgehandel word.**

Die meester van die hooggeregshof is verantwoordelik vir die administrasie van boedels en om die belange van krediteure, erfgename en ander persone met 'n eis teen 'n boedel te beskerm. Die meester behartig ook aangeleenthede rondom trusts, soos bepaal in artikel 3 van die Wet op die Beheer oor Trustgoed (Wet 57 van 1988).

Daar is vyftien meesterskantore reg oor Suid-Afrika. In die afgelope jaar het die meester aangedui dat daar 'n ongekende agterstand met die kantore se werk is. Die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika (Fisa) het aangevoer dat daar onlangs bemoedigende ontwikkelinge was, maar dat die situasie steeds beroerd is.

Die rede vir die agterstand en vertragings is omdat die kantoor van die meester 'n tyd lank moes sluit as gevolg van die grendeltyd tydens die covid-19-pandemie en weens 'n kuberaanval op 5 September 2021. Dit het die registrasie van bestorwe boedels en die afhandeling van bestorwe boedels byna tot stilstand gebring.

Die uiteinde daarvan is dat die uitreiking van dokumente, soos die aanstelling van 'n eksekuteur, die uitreiking van magtigingsbriewe van trusts en die goedkeuring van likwidasie- en distrubusierekeninge, veel langer duur.

Banke het byvoorbeeld 'n eksekuteursbrief nodig voordat instruksies uitgevoer kan word met betrekking tot die bankrekening van die oorledene. Dit is 'n noodsaaklike stap om die eksekuteur in staat te stel om betalings aan die langslewende gade en/of kinders van die oorledene te kan maak. Hierdie funksies is nog nie volstoom aan die gang nie en dit is belangrik dat die publiek daarvan kennis neem.

## TRUSTS OOK GERAAK

Die vertraging het ook 'n groot uitwerking op trusts. Nuwe of opvolgende trustees se aanstellings word amptelik deur die meester aanvaar. Waar 'n trustakte 'n sekere aantal minimum of maksimum trustees vereis, sal dit beteken dat die trust regtens nie enige handelinge mag uitvoer nie.

Dit kan nadelige gevolge hê, byvoorbeeld waar trustbates 'n beleggingsportefeulje insluit en geld vanweë markveranderinge verskuif moet word. Dit kan nie gedoen word totdat die meester die trustees goedgekeur het nie.

Die impak van die vertraging by die meesterskantore op die sake van die gemeenskap is dus rampspoedig. Die meesterskantoor het aangedui dat die meeste van die haakplekke uit die weg geruim is en dat vordering gemaak word om die agterstand in te haal.

## LEWENSDEKKING

Wanneer boedelbeplanning gedoen word, word daar ook beplan vir kontantvloei vir die afhanklikes van 'n persoon. Lewensdekking of beleggings van die oorledene word in praktyk gebruik om die afhanklikes te versorg totdat die boedel afgehandel is en die persone hul onderskeie erfporsies ingevolge die bepalings van die oorledene se testament ontvang.

Vir hierdie doel is dit belangrik om 'n begunstigde van jou polis aan te wys, aangesien die opbrengs wat as gevolg van 'n begunstigdebenoeming betaal word, nie deel van die boedelberedderingsproses vorm nie.

Sekere beleggingsprodukte laat 'n mens ook toe om 'n begunstigde van jou keuse aan te wys. 'n Begunstigdebenoeming word op die polisooreenkoms aangebring. Dit kan by jou finansiële raadgewer gedoen word. Die opbrengs van die polis sal dan direk aan die begunstigdes uitbetaal word en nie aan die boedel van die oorledene nie.

Die tydsduur van die uitbetaling aan die begunstigdes is dus baie vinniger en stel die afhanklikes in staat om kontant tot hul beskikking te hê.

Gegewe die onvoorsiene gebeurtenisse wat 'n vertraging in die afhandeling van 'n boedel tot gevolg kan hê, is dit belangrik om daarvoor te beplan.

Hierdie rubriek word nie bedoel as of kom neer op finansiële of enige ander advies nie, en neem nie u persoonlike finansiële omstandighede in ag nie. Raadpleeg dus u finansiële beplanner vir hulp. **LBW**

> **Lewensdekking of beleggings van die oorledene word in praktyk gebruik om die afhanklikes te versorg totdat die boedel afgehandel is en die persone hul onderskeie erfporsies ingevolge die bepalings van die oorledene se testament ontvang.**

*Mnr. Petri Lourens is 'n regsadviseurbestuurder vir persoonlike finansiering by Old Mutual in die Wes-Kaap.*

NAVRAE: Mnr. Henno Senekal, e-pos: **hsenekal@oldmutual.com**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.